

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
5 Augustus 1973

Onderwerp: Geloof

Lees: Hebreërs 11

Teks: Hebreërs 11 vers 6  
1 Johannes 5 vers 5

Sing: Psalm 48 vers 4  
Gesang 180

“Broers en Susters, om vandag ondanks al die verwarring, twyfel en ongeloof met groot oortuiging te bely: ‘ek glo’, is om ware sekerheid en vastigheid in ons onsekere, wankelende wêreld te besit. Die Bybel leer ons dat geloof nie net ‘n noodsaaklikheid is nie, maar dat dit die grondbeginsel is van ons oorwinning, nie net in die alledaagse lewe nie, maar ook in ons Godsdiens.

“Hoe waar is die Skrifwoord nie in hierdie verband nie: ‘Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?’ (1 Joh 5:5) In teenstelling hiermee is baie mense se opvatting oor geloof maar vaag en onduidelik.

“Wat is geloof?

“Die belangrikste woord wat in die Ou Testament gebruik word vir geloof, is afgelei van ‘n woord waaruit ook die bekende ‘amen’ ontstaan het. Om ‘amen’ te sê, beteken om te sê: dit sal waar en seker wees. Geloof in die Ou Testament is dus om ‘amen’ te sê op iets, nie net met jou verstand nie, maar met jou hele wese en jou hele lewenswyse. Daarom is daar ‘n direkte verband tussen jou geloof in God en jou verhouding met God.

“Wat is geloof? Wat moet ek glo? Vergelyk dit met die Apteker wat medisyne meng. Nie een van die bestandele mag ontbreek nie. Só is daar in die geval van geloof, sekere bestandele nodig. Dit is bestandele wat ons almal moet hê in hulle regte Bybelse verhouding as ons ‘n geloof het wat beskryf word as: ‘En sonder geloof is dit onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek.’ (Hebr 11:6)

“Die eerste noodsaaklike bestandele van geloof is kennis. ‘n Mens kan nie glo solank as hy in onkunde verkeer nie.

“Die enigste middel waardeur ons daardie kennis kan bekom, is die Woord van God. Daarom kla Hosea die priesters van sy tyd aan, wat versuim het om hierdie kennis aan die volk tuis te bring: ‘My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priester-amp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.’ (Hos 4:6)

“Geloof kry nie maar vanself ’n groeiplek in ’n mens se lewe nie. Nee, geloof is altyd die reaksie op God se aksie. Abraham se geloof was die gevolg van die Woord van die HERE wat tot hom gekom het: ‘Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in ’n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou ’n skild en jou loon is baie groot. Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.’ (Gen 15:1-6)

“Wat die Nuwe Testament betref, is dit logies dat alleen dié mens tot ware geloof kan kom, wat die Evangelie van Jesus Christus aanneem. Paulus skryf in hierdie verband met groot erns: ‘Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry.’ (Fil 3:8)

“Geloof is dus om persoonlik ‘amen’ te sê op die Evangelie van Jesus Christus en alles wat dit inhou. Daarom het Jesus aan die mense van Galilea gesê: ‘Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.’ (Mark 1:15) Met ander woorde, die mens moet reageer en antwoord op die heerlike aankondiging van die Koninkryk van God wat naby gekom het.

“Maar, Broers en Susters, die HERE ontlok nie net by die mens ’n antwoord nie. Nee, Hy gee die geloof as geskenk aan die mens en stut sy arms om hierdie geskenk in ontvangs te neem. Die geloof is dus ’n gawe

van God en kan deur niemand verdien word nie. Dit is die werk van die Heilige Gees in ons lewens: ‘... niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.’ (1 Kor 12:3) ‘Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God’. (Ef 2:8)

“Kennis is noodsaaklik: kennis van die ellende van sonde en jou algehele onmag om jouself daaruit te verlos; maar ook kennis van God se verlossingsplan, wat vir ons so mooi saamgevat is: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16)

“Die mens se verleentheid is God se geleentheid: ‘Dit is ’n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red’. (1 Tim 1:15)

“Maar daar is ’n tweede ewe belangrike bestanddeel van die ware geloof. Dit is ’n vaste vertrou.

“Dit is ’n vaste vertrou waarin? ’n Vaste vertrou in die beloftes van God wat deur Jesus Christus jou deel is. Deur die geloof aanvaar jy God as die enigste Leidsman en enigste Fondament van jou lewe. En deur God as betroubaar te hou en sy Woord as basis en rigsnoer van jou bestaan te aanvaar, laat jy God in jou lewe toe as die Een wat red, beskerm, reël, rig, regeer en seën.

“Sonder hierdie dinge kan daar geen sprake wees van ’n verhouding tussen God en die mens nie. Wie nie só in God glo en Hom só as betroubaar hou nie; en wie God se woorde nie as basis van sy lewe aanvaar nie, het God uit sy lewe uitgesluit.

“Ja, daar moet naas die kennis ook die vertrou wees. Daar moet vertrou wees dat God die groot Betroubare is en dat God sy beloftes uitvoer volgens sy wil en sy raadsbesluite; asook dat Jesus Christus die Saligmaker is wat my waarlik in die Koninkryk van God inlei.

“Broers en Susters, dit is die Heilige Gees van God wat my verstand open sodat die kennis van God my deel word. Netso, is dit die Heilige Gees van God wat my hart laat oopgaan vir die vertrou dat daardie dinge waarvan ek nou kennis het, ook vir my bedoel is.

“Om Sondag na Sondag met ander gelowiges te sê: ‘ek glo’, beteken nie om eiegeregtig te wees en jouself op die bors te klop nie. Nee, dit is juis om baie klein en nederig voor God te staan en te weet dat die woord ‘glo’ ’n streep trek deur my eie ek en alles wat rondom

myself wentel. Om te glo, is om jou geheel en al in die hand van God te stel; om God se Woord en sy dade te ken en daarop te vertrou. Daarom beteken jou geloof om die toekoms van jou bestaan aan God oor te laat.

“Amen.”